
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

# Die O.B.

*Die Ossewabrandwag is die gedissiplineerde Afrikanerdom.*



*Die Ossewabrandwag tel nie koppe nie, maar harte.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 10 DESEMBER 1941. No. 5.

## OSSEWABRANDWAG SAL EMPIRE BEVEG OP ALLE MOONTLIKE MANIERE

### DIE KOMMANDANT-GENERAAL IN NATAL

**Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het Woensdag, 26 November, groot en geesdriftige vergaderings op Scheepersnek en Vryheid in Natal toegespreek.**

**Met betrekking tot die eenheidspogings het die dr. Van Rensburg verklaar dat die Ossewabrandwag enige poging sal aanwend om die eenheid van die Afrikanerdom te herstel, maar dan moet dit Afrikanereenheid wees. Dit moet nie net 'n poging wees om voordeel vir 'n party te behaal sonder dat dit die eenheid van die Afrikaner in ag neem nie. Die party het sy funksie en kan sy voordeel soek maar die Ossewabrandwag as volksbeweging kan hom nie daartoe leen nie, want hy sal sy siel verloor as hy die Afrikanervolk prysgee om 'n politieke party te dien. Ons is mense wat glo dat dit niks baat om die wêreld te wen en skade aan jou siel te ly nie, het hy daaraan toegevoeg.**

**Die Ossewabrandwag is 'n volksbeweging en wel 'n anti-kapitalistiese volksbeweging. Hy wil nie aangaan soos in die verlede aangegaan is nie. Die armes in hierdie land moet minder arm word en as in die proses 'n paar van die rykes 'n deel van hul skatte verloor, is dit jammer; maar dit kan nie anders nie. Die O.B. is nie teen die rykes nie, maar is wel bitter anti-Empire en sal 'n bitter stryd veg teen elke Engelssprekende sowel as Afrikaanssprekende wat sy lot met die Empire ingooi.**

Die O.B. is ook nie teen die manne wat vandag in die leër is nie. Hy voel jammer vir daardie manne. Met die mense wat hulle in die leër gedwing het, het hy egter wel 'n appeltjie te skil en die soldate sal miskien nog later kom om daardie appel te skil.

**As die manne wat vandag veg, terugkom en hulle is bereid om hul lot in te gooi by die Afrikaner, sal die brug na die Ossewabrandwag vir hulle wyd oop wees. Daardie manne sal die Ossewabrandwag nodig kry. Die Ossewabrandwag sal hulle nodig kry en die Afrikanerdom sal albei nodig kry.**

#### „REBELLIE"-STORIES

Dr. Van Rensburg het verwys na stories in waarheidsridderkringe van 'n rebellie wat die Ossewabrandwag dan sou stook.

**Natal is vol daarvan en selfs die datum word genoem as 15 Desember vanjaar. Op daardie datum sou die beweging dan genl. Smuts se tenks en vliegtuie met jukskeie en kieries bestorm. Spreker weet alles wat op daardie dag gaan gebeur. Op daardie dag sal elke goeie lid van die Ossewabrandwag op pad wees na 'n Dingaansfees.**

Hierdie soort stories word slegs gebruik as 'n voorwendsel om mense geïnterneer te kry. Op daardie wyse is mnr. Eloff, van Natal, en baie ander na die kamp gestuur. Spreker wil graag aan die meer verantwoordelike deel van die Regering sê — en as hy praat van die meer verantwoordelike deel van die Regering, sluit hy mnr. Harry Lawrence by voorbaat uit — dat hulle deur sulke optrede nie help om die rus en orde in die land te handhaaf nie.

Dit kan nie aangaan soos nou nie. Volgens spreker se inligting was daar een geval waar 'n minister 'n man se naam by een of ander geleentheid gesien het in verband met iets wat met internering te doen gehad het. Daardie minister het toe in die openbaar gepraat van die persoon se internering sonder dat die man geïnterneer was. Die owerheid het toe die man geïnterneer. Spreker verstaan dat dit die geval was met ds. Fick van Germiston-Suid.

Vreeslike verontwaardiging is onlangs in die land deur regeringsondersteuners en die Regering self getoon omdat die Duitsers in Frankryk 'n aantal Franse laat doodskiet het omdat ander mense Duitse offisiere vermoor het. Hier by ons het egter nege man uit 'n kamp ontsnap. Omdat daardie nege man ontsnap het, mag die onskuldiges wat agtergebly het, nou tot ná Nuwejaar geen pakkies ontvang nie. Spreker hoop die Regering sal afsien van hierdie metode om onskuldige mense te straf.

*Vervolg op bls. 6.*

## PRAGTIGE VOORBEELDE VAN REHABILITASIE

### Moeilikhede Het Kommando's Met Nuwe Geesdrif Besiel

Hoewel die studente van Stellenbosch reeds weg was en die studentekommando's dus nie kon deelneem nie, het die twee kommando's van die Ossewabrandwag uit die publiek op Saterdag, 29 November, 'n baie geslaagde funksie op Stellenbosch gehou. Alles het vlot gegaan weens die deeglike organisasie en die grootste geesdrif het onder die 800 aanwesiges geheers. Komdt. prof. Meiring Naudé het as kampkommandant opgetree. Die gaste van die aand was hoofgeneraal dr. F. D. du Toit van Zyl en genl. dr. S. J. Pretorius.

**Die muitery wat eerste op Stellenbosch uitgebreek het, het ons beweging daar 'n wêreld se goed gedoen.** Waar die organisasie in getalle verminder het, het die geesdrif en doelbewustheid in baie groter mate toegeneem.

#### *Tiervlei*

Die kommando van Tiervlei is een van die kommando's wat die meeste gely het toe eervolle ontslag aan die staatsamptenare gegee is. Dit is verder een van die minder gegoede dele, en tog het hierdie kommando voorverlede Saterdag getoon dat hy tot die keur van die Ossewabrandwag behoort. Op 'n uiters geslaagde funksie by wyse van 'n basaar is die bedrag van £53 byeengebring.

#### *Oos-Kaapland*

Die Assistent-kommandant-generaal van Kaapland, genl. J. A. Smith, het so pas 'n toer deur die Middellande en die Oostelike Provinsie voltooi wat baie bemoedigend was. Oral was daar blyke van groot vertroue in die organisasie en dit was duideik dat die Ossewabrandwag in hierdie dele nog 'n mag is waarmee rekening gehou moet word.




# Geleentheid vir Elke Brandwag om By te Dra tot Volksopbou

## Navolgingswaardige Onderneming van Generaalskap Stellenbosch

**Die volgende studie- en arbeidskema is deur genl. dr. S. J. Pretorius van Stellenbosch uitgereik vir sy generaalskap. Ons vind dit so belangwekkend dat ons dit graag vir navolging by die hele Ossewabrandwag wil aanbeveel. Ons plaas sy omsendbrief volledig.**

Die ossewatrek in die Eeufeesjaar, 1938, is ongetwyfeld 'n mylpaal in die geskiedenis van die Afrikanervolk. Maar hierdie groot gebeurtenis sou sekerlik nie so 'n blywende weerklank in die harte van ons volk gehad het as daar nie terselfdertyd 'n organisasie, die Ossewabrandwag, ontstaan het wat dit tot sy uitdruklike doel gestel het om die eeufeesgees te bestendig nie. As draer van hierdie gees het die Ossewabrandwag die enigste werklike volksbeweging geword waarop alle nasionaal- en republikeinsgesinde Afrikaners by die duisende hul hoop en verlange na 'n onafhanklike Christelik-nasionale Republiek gevestig het. **Die feit dat die O.B. ook gekom het met 'n organisasievorm wat aansluit by die volksverlede, en dat hy dissiplinerend optree om die erns van sy strewe te beklemtoon — ja, dat hy gekom het om „iets te doen," het hom binne twee jaar die mees belowende en die mees inspirerende organisasie gemaak wat die Afrikanervolk nog ooit geken het.** Eindelik was daar dan 'n volksorganisasie en 'n volksbeweging waarbinne die republiekeinsgesinde Afrikanerdom sy kragte kon konsolideer, waarbinne hy een kon wees, waarbinne elke opregte Afrikaner sy Afrikanerskap kon uitleef., en waarbinne elke Afrikanerdie geleentheid gekry het om, afgesien van rang, titel of stand, hom op gelyke voet met sy mede-Afrikaner vir 'n gemeenskaplike idaal te beywer.

Dit is niks minder as die reine werklikheid dat die groot geesteskrag van die Ossewabrandwag te vinde is in die nuwe hoop en geloof wat hy vanweë sy verhewe doelstellings en vanweë die offervaardigheid en opregtheid van sy leiers, by sy lede aangewakker het nie. Hierdie hoop en geloof in die eindbestemming van ons volk mag nie uitgedoof word nie; **die doelstellings en die lewenskragtigheid van ons organisasie mag nie aangeraak word nie; die offervaardigheid en opregtheid van ons leiers mag nie in verdenking gebring word nie, want by hulle is daar geen begeerte tot persoonlike gewin en eer nie, maar slegs om te dien.**

Derhalwe dat die noodsaaklikheid hiermee aan elke brandwag voorgelê word om:

(1) die dissipline van die O.B. ten volle uit te leef en nie deel te neem aan pogings wat bereken is om die O.B. te ondermyn en daardeur die volk te verdeel nie — dissipline wat deur die O.B. ingestel is slegs om die erns van sy strewe te beklemtoon;

(2) Eendragtelik saam te werk in die verwesenliking van ons hoogste ideaal.

Ten einde elke Brandwag hiertoe in staat te stel en om, na die betreurenswaardige onderbreking van ons werksaamhede gedurende die afgelope paar maande, hierdie werksaamhede te hervat — ja, om iets te doen" en nie deel te neem aan 'n demoraliserende broedertwis nie, is besluit om:

(A) 'n plaaslike studiekring in die lewe te roep ten einde die bekendmaking van die doelstellings van die O.B. en die grondbeginsels van ons toekomstige staat (soos deur die Eenheidskomitee geformuleer) onder alle Brandwagte, ten minste binne hierdie generaalskap, te vergemaklik;

(B) 'n arbeidskema in te stel waarmee elke Brandwag die geleentheid sal kry om sy trou aan die O.B en sy mede-Afrikaners te betoon deur op praktiese wyse bogenoemde doelstellings te bevorder, en die beginsels van die toekomstige staat reeds nou al uit te leef.

### (A) DIE STUDIESKEMA

Die resultate van hierdie skema, waarmee daar reeds 'n begin gemaak is en die besonderhede waarvan hier nie genoem hoef te word nie, sal, na goedkeuring van ons hoogste offisiere, onder alle Brandwagte versprei word sodat elke Brandwag in besit kan kom van 'n uiteensetting van die toestande (en hul oorsake) waaronder hy leef en die verandering wat ten opsigte van hierdie toestande in die breë beoog word. Hierdie onderneming is heeltemal van plaaslike aard en onafhanklik van die O.B.-tydskrif wat deur die hoofkantoor van die Ossewabrandwag uitgegee word. Die skriftelike uiteensetting sal terselfdertyd dien as onderwerpe van besprekings by die gereëlde byeenkomste wat offisiere met hul onder-offisiere, en korporaals met hulle Brandwagte moet hou.

Meer spesifiek word beoog 'n uiteensetting, in eenvoudige taal, van die staatkundige, ekonomiese en maatskaplike instellinge en toestande waaronder die Afrikanervolk as geheel, en in besonder die armste deel, al vir baie jare leef; en ook van die oorsake van daardie toestande.

Verder 'n uiteensetting in breë trekke van die staatkundige, ekonomiese en maatskaplike grondbeginsels wat in die nuwe staat toegepas en uitgeleef sal moet word om die algemene volkswelsyn te verseker.

Die resultate van die studie sal onder alle Brandwagte in die betrokke generaalskap gepropageer word nadat die inhoud eers deur die hoër offisiere goedgekeur is.

Regverdiging vir so 'n skema hoef nouliks aangevoer te word. Dit is 'n betreurenswaardige maar nietemin onomstootlike werklikheid dat baie van ons mede-Afrikaners wat almal vlees van ons vlees en bloed van ons bloed is, as gevolg van omstandighede waaroor hulle geen beheer gehad het nie, nie die geleentheid gehad het om 'n skool- of universitêre opleiding te geniet nie. Dit is aan hierdie volksgenote aan wie ons in die eerste plek dink, en aan wie ons die geleentheid wil gee om inligting te kry aangaande die oorsake van die toestande waaronder hulle op die oomblik leef en hoe hierdie toestande tot hul voordeel en tot die voordeel van die hele Afrikanervolk omgeskep kan word. **Die hoofdoel van so 'n studieskema met die daaropvolgende samesprekings tussen offisiere en Brandwagte is dus, in die eerste plaas en in die breedste sin van die woord, die inligting en opvoeding van O.B.-lede en uiteindelik van die volk as geheel ten opsigte van die heersende toestande en van die veranderde toestande wat in ons toekomstige staat deur die O.B. beoog word.**

Hierby kom dat ons deur so 'n studieskema niks meer doen nie as om uitvoering te gee aan die uniale bevel van ons Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, om die grondbeginsels van ons toekomstige staat doelbewus onder alle Brandwagte te propageer, sodat hulle mag weet waarvoor die O.B. hom beywer.

### (B) DIE ARBEIDSKEMA

Saam met die voorafgaande studieskema word hiermee 'n arbeidskema in die werk gestel waarmee in meer besonderhede die volgende beoog word:

(1) **Die feit dat die lewenskrag van 'n volk veel meer in sy eie arbeidsvermoë as in die rykdom van sy natuurbronne geleë is,** wil ons onder die ernstige aandag van elke Brandwag bring deur hom (of haar) te laat meedoen aan 'n plaaslike arbeidskema. Hierdeur sal elke lid se skeppingsvermoë en inisiatief aangewakker word, ontwikkel en tot uiting kan kom. Hierdie skema is dus ook in die eerste plaas van breë opvoedkundige waarde; en waar die

*Vervolg op bls. 3.*

DIE
KLEREMAKER
EN
UITRUSTER
VAN
KAAPSTAD

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*

*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

KERSFEESWYN!

*BESTEL DADELIK KERSFEESKISSIE No. 5, BEVATTENDE:—*

- 6 GROOT BOTTELS BRANDEWYN en
- 6 GROOT BOTTELS WYN.

*Gelewer by enige stasie in die Unie vir*

45/-

KONTANT MET BESTELLING OF K.O.A.

GEBRS. BRINK BPK., - - MONTAGU.

# Geleentheid vir Elke Brandwag om by te Dra tot Volksopbou.

*Vervolg van bls. 2.*

Afrikaner reeds alom bekend is vir sy vernuf en oorspronklikheid — soos saamgevat in die uitdrukking: ,,die boer het altyd 'n plan"— sal hierdie vernuf deur so 'n skema verder ontwikkel word om uiteindelik die hele volk ten goede te kom.

(2) Waar elke lid aan hierdie skema sal meedoen, en gevolglik bewus is dat hy meewerk aan 'n gemeenskaplike saak, word reeds hiermee die fondament gelê vir een van die grootste hoekstene van ons toekomstige staat waarin die **welsyn van die gemeenskap as geheel** beoog word. In die huidige demokraties-kapitalistiese stelsel is dit 'n saak van ,,elkeen vir homself" en wat daar verder op volg. In die toekomstige staat sal die leuse wees: **volks**welsyn en **volks**diens, en daardie leuse moet reeds nou al beoefen word. Selfs in sy kort bestaan tot hiertoe, het die O.B. getoon dat hy bo alles die vermoë besit om die gevoel van egte broederskap onder lede, hoe arm en ongeleerd hulle ook al mag wees, aan te wakker; ja, en ook die gevoel van verantwoordelikheid teenoor mede-Afrikaners op die voorgrond te stel. Dit is juis hierdie lofwaardige vermoë van die O.B. wat ons deur die arbeidskema nog verder wil aanwakker.

(3) Omdat ons in beginsel daarteen is, is ons gekant teen die invordering van direkte geldelike bydrae deur ons lede. Maar net so min as wat iemand kan voortleef sonder voeding en steun van buite, net so min kan 'n lewende organisasie soos die O.B. daarsonder bestaan. Daarom, instede van geld, verlang die O.B. dat elke lid in **sy vrye tyd** 'n gedeelte van sy **arbeid en inisiatief** in die diens van die ideale van die O.B. sal stel. Die geldelike vrug van hierdie arbeid wat oor 'n aantal maande sal strek, sal in die eerste plaas die O.B. ten goede kom, en deur die O.B. ook uiteindelik die hele Afrikanervolk.

Om alle moontlike ongegronde bewerings reeds vooraf te weerlê, wil ons hier baie uitdruklik verklaar:

(a) dat elke lid alle besonderhede wat hy verlang, deur sy hoër offisiere kan inwin, aangaande die finansiële staat van die plaaslike kommando's, asook oor die gebruik van enige en alle fondse;

(b) dat die fondse wat langs bogenoemde kanale ingesamel sal word, vir die volgende doeleindes aangewend sal word: om die koste te dek in verband met die verspreiding van die inligting wat deur die studiekring saamgestel sal word; om hulp te verleen aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners (waar nodig); om op die O.B.-tydskrif in te teken vir die lede wat dit geensins kan bekostig nie; om die koste te dek in verband met groot byeenkomste soos bv. die huur van 'n saal, luidsprekers, ens.; om offisiere gedeeltelik te vergoed vir die noodsaaklike uitgawes wat hulle i.v.m. die plaaslike O.B.-administrasie moet maak; om die koste te help dek i.v.m. die uitgee van 'n O.B.-tydskrif totdat die tydskrif deur voldoende advertensie en inskrywings selfbetalend word.

## BESONDERHEDE VAN DIE ARBEIDSKEMA

(1) Elke Brandwag kry 'n afskrif van hierdie verklaring en bevele. Om die verspreiding daarvan te vergemaklik en om die nodige verduidelikings te kan verskaf, moet elke offisier die offisiere (of Brandwagte) onmiddellik onder hom sonder versuim byeenroep.

(2) Hiermee word elke Brandwag opgeroep tot die deelname aan bogenoemde arbeidskema wat tot die einde van Februarie 1942 sal strek. Elke lid sal gedurende hierdie tydperk in 'n gedeelte van sy vrytyd een of ander arbeid onderneem met die spesifieke doel dat die wins van sodanige arbeid in die kas van die kommando waaronder hy sorteer, gestort word. Die vorm wat die arbeid sal aanneem, word aan elke Brandwag oorgelaat, maar as aanduiding word 'n paar voorbeelde hieronder genoem. Lede kan die arbeid heeltemal alleen of ook in groepies onderneem. Indien dit groepsgewyse geskied, moet die wins onder die medewerkers verdeel word sodat elke lid aan die einde van die tydperk sy bydrae persoonlik kan oorhandig.

(3) Om lede wat dit nie kan bekostig nie, in staat te stel om die nodige materiaal vir een of ander werkie aan te koop, word aan elke lid by die uitreiking van hierdie uiteensetting 1/- uit die kommando-kas voorgeskiet. Met hierdie 1/- moet daar dan oor-en-oor gewoeker word. Die opbrengs uit die eerste arbeid word gebruik om 'n tweede stukkie werk op groter skaal aan te pak, en so verder vir 'n derde en 'n vierde keer totdat die 1/- aangegroei het tot 5/-, 10/-, en selfs meer.

Lede wat dit kan bekostig en graag meteens iets groters wil onderneem as wat die 1/- hulle in staat stel om te doen, is natuurlik vry om dit te doen en hulself dan net vir die ekstra koste te vergoed.

**Elke lid** moet die 1/- aanvaar as blyk van goeie trou en gereedheid om mee te werk — al is hy bereid om die nodige materiaal uit sy eie sak te koop, of al is sy arbeid sodanig dat hy geen materiaal nodig sal hê nie, of al kan hy weens hoë ouderdom of siekte nie aktief aan die skema meedoen nie.

(4) Die voorskot tesame met die vrug van eie arbeid sal in die eerste week van Maart 1942 ingesamel word.

(5) Offisiere moet self die name aanteken van al die lede aan wie hulle 'n 1/- gee, en die name so gou moontlik na die adjudant terugstuur. Die doel hiervan is om terselfdertyd 'n kommando-opname te maak.

(6) Lede sal in die eerste plaas self verantwoordelik wees vir die verkoop van enige artikel wat hulle mag vervaardig. Indien lede nie hierin slaag nie, sal die artikels, na invordering, op 'n vendusie of basaar verkoop word wat spesiaal vir die doel gereël kan word.

### Voorbeelde van arbeid

**Dames:** Naaldwerk van enige soort; allerlei eetware; kweek en verkoop van blomme; kantoorwerk, ens.

**Mans:** Kweek van blomme, groente en ander landbouprodukte; houtwerk (enige nuttige artikel); bouwerk (na ure of op Saterdae); verhuur as plaasarbeiders; kantoorwerk, ens.


BRANDWAGTE!

KEN U MEDE-AFRIKANER OP PAD

DEUR HIERDIE KENTEKEN — DIE SLEUTEL TOT GEMOEDELIKE VERKEER EN KAMERAADSKAP

DIE EERSTE EN ENIGSTE AFRIKANER-EIE MOTORKLUB WAARBY ALREEDS MEER DAN 6000 AFRIKANER-MOTOREIENAARS AANGESLUIT HET. VIR DIE GERINGE BEDRAGGIE VAN £1 JAARGELD ONTVANG U DIE VOLGENDE:

*Gratis Sleepdiens; Goedkoper Motorversekering; Gratis Regsadvies; Pad- en Roetekaarte; Snelle Afleweringsdiens van enige soort Motortoebehore en Origre Dele teen Groothandelspryse, en nog Talle Ander Dienste en Voordele.* **SLUIT NOU AAN!**

Voortrekker Motorklub Beperk, Groote Kerk Gebou, Kaapstad.



KERSFEESKAARTE!

Met Die Ossewabrandwag-wapen in Kleure

Word deur die Kaaplandse Hoofkwartier aangebied teen

4/6 Per dosyn Posvry

Kontant met Bestelling

Bestel onmiddellik — Ons Beskik oor 'n Beperkte Voorraad.

,,DIE O.B." Kamer 916 — Groote Kerk-gebou, KAAPSTAD


## Kersfonds

**Die volgende bydrae is reeds met dank deur ,,Die O.B."-Kersfonds vir kersgeskenke aan die kinders van geïnterneerdes ontvang:—**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Vriend, Kaapstad | 3 | 3 | 0 |
| Vriend, Kaapstad | 2 | 0 | 0 |
| Huisgesin Beaufort-Wes | 0 | 10 | 0 |
| Vriendin, Beaufort-Wes | 1 | 0 | 0 |
| Vriend | 0 | 2 | 6 |
| Heidelberg Vroue Kommando | 0 | 10 | 0 |
| Vriend | 0 | 10 | 0 |
| Vriend | 0 | 10 | 0 |
| Vriend, Klein-Brakrivier | 1 | 0 | 0 |
| Vriende, Maitland | 0 | 8 | 0 |
| Jeugfront, Prins Albert | 5 | 0 | 0 |
| Vriendin, Observatory | 1 | 0 | 0 |


VLAE

Besit U 'n O.B. Vlag?

Die Kaaplandse Hoofkwartier bied aan:

Kommando Vlag £1-15-0

Motorvlag 2-6

Fietsvlag 1-3

Kontant met Bestelling.

,,DIE O.B.," Kamer 916, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

# Die Regte Samestelling?

Die onderhandelings wat tans tussen die Partyleiding en die Ossewabrandwag aan die gang is betreffende die herstel van Afrikanereenheid, het die hoop laat opflikker dat die geskille tot 'n oplossing gebring kan word. Ons glo dat die stryd wat 'n tydlank in ons midde gewoed het, reeds in die kiem gesmoor kon gewees het indien dit van die begin af agter geslote deure behandel was. Deur dit in die openbaar te voer, is gevoelens en vooroordele opgesweep as gevolg waarvan 'n volkome herstel bykans onmoontlik gemaak is. Om hierdie rede kan ons nie anders nie as om dit te betreur dat die briefwisseling insake die onderhandelings op hierdie tydstip openbaar gemaak is. Deur dit te doen, het ons die moeilikhede weer onder die volk ingesleep en dit kan dan ook verwag word dat daar nou al by voorbaat weer stelling ingeneem sal word en dat die netelige saak oor en weer besprekings en weersprekings sal uitlok.

Net so jammer is dit dat een van die Herenigde Partyorgane die aanbod van dr. Malan onder die vergrootglas geneem en op die verdienstelikheid van die voorstelle ingegaan het. Dit noop ons om van ons kant dieselfde te doen ten einde enige moontlike vooroordeel teen die houding van die O.B.-leiding te verhoed.

Die kardinale punt in die hele voorstel tot die vorming van 'n Nasionale Komitee is die samestelling daarvan. Die vraag is watter organisasies moet daarin verteenwoordiging hê. Moet dit 'n volkskomitee wees wat uit die volk vir die volk in die lewe geroep word, of is dit 'n koördinerende komitee tussen volksorganisasies aan wie volmag verleen moet word ten behoewe van die volk.

Indien dit laasgenoemde is, is dit noodsaaklik dat vooraf verduidelik word watter organisasies almal verteenwoordiging gaan ontvang, en wat die verhouding van die verteenwoordiging gaan wees.

As die komitee egter 'n ware volkskomitee moet wees, is dit nie billik teenoor ander organisasies as die samestelling daarvan by net een of twee organisasieleiers berus nie. By die stigting van die Eenheidskomitee het die Volksorganisasies hulle as volg oor die vraagstuk uitgespreek: „Vir ons as leiers van vername volksorganisasies is dit duidelik dat ons nie onverskillig mag staan teenoor die politieke strewe van die volk nie. Ook ons lot as organisasies sowel as die lot van ons volk as geheel, en dus van ons lede, is ten nouste daarmee verbonde."

Voordat die Ossewabrandwag hom dus kan laat opneem in 'n komitee wat namens die hele volk volmag sal moet uitoefen oor sake van beleid en aksie, is dit nodig dat hy presies weet wie die samestellende dele van daardie komitee sal wees. Wanneer 'n poging aangewend word om eenheid te herstel, is dit nodig om voorsorg te tref dat dit die grootste moontlike eenheid is

*Vervolg in volgende kol.*

*Vervolg van vorige kol.*

wat geskep word.

As daar geen sprake is van die verteenwoordiging van organisasies nie, is dit 'n vraag of dit nie dan beter sou gewees het nie dat die samestelling van so 'n Nasionale Komitee opgedra word aan 'n persoon wat tot 'n groot mate bo en buite die bedrywighede van sowel die Party as die O.B. staan, en wat allerweë die agting en vertroue van die volk geniet?

Onses insiens sal daar met hierdie metode meer vertroue in die liggaam wat oor die wel en wee van ons volk moet beslis, gestel word.

# Boerevolk Dra Reeds 'n Eie Rasstempel

## LIGGAAMSBOU GROTER AS DIÉ VAN NOORDER VOOROUERS

Wat is 'n volk? Hierdie vraag sal nie deur almal eenders beantwoord word nie. Sommige lê nadruk op die geestelike eenheid, en ander weer meer op die biologiese of bloed-eenheid. Ons kan egter aanneem dat bloed die belangrikste element in die vorming van 'n volk is. 'n Volk is maar net 'n vergrote huisgesin, en die gemeenskaplike belange wat spruit uit 'n gemeenskaplike afstamming en lewensomstandighede, skep 'n geestelike verwantskap, 'n geestelike eenheid.

In die jongste uitgawe van Wapenskou, orgaan van die Afrikaans-Nasionale Studentebond, verskyn 'n artikel oor die rasstempel van die Boerevolk, wat ons verkort oorneem. Die skrywer wys daarop dat daar in Suid-Afrika met sy anderse klimaat 'n raseenheid uit die blanke volke van Europa gegroei het, wat die Boerevolk is.

Die Boerevolk stam af van Hollanders, Duitsers en Franse, en is dus grootliks afkomstig van Noorder en Alpynse bodem. Die vermenging tussen hierdie Nederduitsers en Franse het reeds van die begin van hul saamwoning in die Kaap af plaasgevind. Die getalsverhoudinge was toe ongeveer 53, 28 en 15 persent onderskeidelik, sodat ons daaruit kan aflei dat elke tipiese Boer vandag ongeveer dieselfde verhouding Hollandse, Duitse en Franse bloed bevat. Dit vloei voort uit die raskundige beginsel dat as 'n groep individue in 'n sekere streek afgesonder woon en onder mekaar trou, daardie individue naderhand 'n stel erffaktore gemeenskaplik deelagtig is. Hoe langer die inteelproses voortduur, hoe meer groei die verwantskap aan. Langsamerhand word dit duidelik dat die lede van daardie groep op mekaar gelyk, 'n gemeenskaplike rasstempel dra.

### EIE RASSTEMPEL

Sowat tien geslagte is reeds verstryk sedert hierdie inteelproses of rasvorming alhier aan die gang is en ons kan ons verstout om te sê dat ons reeds 'n eie stempel begin vertoon.

As dieselfde volkeregroepe in dieselfde getalsverhoudinge soos hierbo aangedui, hulle gaan vestig het in 'n aardrykskundig en klimatologies verskillende streek, sou die eindresultaat, die stempel, sonder twyfel anders gewees het, en wel omdat een van die vernaamste verskynsels van rasvorming dié van aanpassing by die omgewing is. Individue wat minder geskik vir die besondere streek is, sterf weg en plant hul soort nie meer voort nie. Dié wat hulself beter kan handhaaf in daardie streek bly leef en plant hul soort voort.

Wetenskaplikes het aangetoon dat die Noorderras hom nie kan handhaaf in die trope en sub-trope nie omdat hy te spesifiek aangepas is by die koue klimaat. En daarom, net die feit dat ons vir tien geslagte in 'n ander wêrelddeel met klimaatsverskille gevestig is, regverdig die stelling dat ons 'n eie stempel dra.

Wat is hierdie stempel? Hierdie vraag sluit oneindig veel in. Dit raak nie net die fisiese of liggaamlike kenmerke van ons volk nie, maar ook die geestelike. Fisiese kenmerke kan ons nog bepaal, maar oor die geestelike kenmerke is ons nog glad nie so seker nie.

### ONS LENGTE

Wat die liggaamlike kenmerke betref, blyk dit dat die gemiddelde lengte van die Boer groter is as dié van sy Noorder voorouer. Die voorlopige verwerking van ongeveer 400 mans toon dat die gemiddelde lengte sowat tussen 5 vt. 9.2 en 5 vt. 9.3 dm. lê, terwyl die gemiddelde lengte van die Noorderras 5 vt. 8.1 dm. vir die man is. En vir rasgemiddeldes maak 'n gedeelte van 'n duim reeds groot onderskeid. Blykbaar was Theal dus reg toe hy die Hollandssprekendes in Suid-Afrika beskryf het as 'n groter tipe as die Hollanders en Duitsers waaruit ons stam. Alleen het hy 'n fout begaan deur dit aan besondere voeding toe te skryf. Ook wyle Ramsay MacDonald praat van die Boer as „groot, los en bedaard."

Geen wonder dat die Boer wêreldbekend is vir sy rugby-voetbalspel nie. En geen wonder dat hy op Los Angeles beskou was as 'n ras met die mooiste liggaamsbou na die Finne.

Natuurlik moet honderde en honderde gegewens nog versamel word voor ons presies kan sê die Boer is presies so lank.

Die gemiddelde bruto gewig van die bogenoemde mans is 157 pond. Dit sluit die gewig van klere in. Laat ons 7 pond val vir klere dan is die netto gewig 150. Die Duitsers (mans) weeg sonder klere gemiddeld 145 pond. Die liggaamsgewig van die Finne bedra 157 pond (sonder klere). Hul gemiddelde lengte is 5 vt. 7 dm. (In alle gevalle hierbo: sonder skoene). Die Swede met 'n gemiddelde liggaamslengte van 5 vt. 8.1 dm. weeg gemiddeld 149 pond, dus Teuto-Noordies.

Om 'n werklik betroubare gemiddelde vir gewig te bereken is nog meer gegewens nodig as vir lengte-mate aangesien liggaamsgewig baie deur omgewingsinvloede beïnvloed word.

### OË SE KLEUR

Wat die oogkleur betref was 'n taamlike groot aantal gegewens (ongeveer van 400 individue) iets minder as 50 persent blou-ogig, sowat 37 persent as bruin-ogig. Hierdie hoë persentasie blou-ogiges dui ondubbelsinnig op ons sterk Noordiese inslag.

Die haarkleur bereken vir sowat 280 individue wys die volgende verdeling: 3 wit; 48 lig of blond; 31 vaal; 18 tussenkleur; 43 bruin;; 21 donkerbruin; 19 donker; 63 swart. Hieruit blyk dat ons oorwegend donkerharig is. Die blondes tel maar ongeveer 20 persent.

Ons kry dus hier dieselfde verskynsel as in Ierland, Malta en Spanje waar o.a. donker-

(Vervolg op bl. 5 kol. 3.)

Gee EEUFEES AANDENKINGS HIERDIE KERSFEES

● *Hulle is Dienlik.*
● *Hulle is Welkom.*
*'n Ideale Geskenk!*
*Bestel Per Pos.*

*Vra om Pryslys.*

*ONS SUKSES IS U SUKSES.*

UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
GEREGISTREER ONDER WET NR. 28 VAN 1922

Takke op KAAPSTAD, JOHANNESBURG, VERENIGING en BENONI

Posbus 909 Pretoria

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# Suid-Afrika se Vlootjie moet Help om Engeland te Beskerm

## Hoofargument Teen Stigting van Republiek deur harde Werklikheid Weerlê

**„Ons kan nooit 'n republiek word nie, want wie sal ons beskerm?" Hierdie onmanlike taal het ons in die afgelope tiental jare baie gehoor. Dit was een van die groot argumente wat gebruik is om die republikeinse beweging te stuit, en dit was ook een van die groot oorsake vir die verlamming van duisende Afrikaners.**

Reeds tydens die Tweede Vryheidsoorlog was daar mense in die Republieke wat met hierdie slawe-gees besiel was. Sommige het hulle selfs beywer om die vryheid van die Republieke in te ruil vir die sogenaamde Britse vryheid nog voor die oorlog uitgebreek het. Ander was wel getrou tot by die uitbreek van die oorlog, waarna hulle so gou moontlik óf gaan wapen neerlê óf selfs by die vyand gaan aansluit het ten einde „die oorlog te help beëindig!"

Ons weet ook uit ondervinding dat hierdie yweraars vir Britse vryheid 'n ruime aandeel gehad het in die verskerping van die lyding van ons vroue en kinders in die besonder, en van ons volk in die algemeen. Dit kon ook nie anders nie. Om jou volk te verraai of aan die vyand uit te lewer, is die daad van 'n eerlose. Ridderlikheid kan dus nie verwag word van iemand wat eer moet verwerf deur sy eerloosheid nie.

Die stryd het egter nie by 1902 opgehou nie. Daarna het die Boerevolk hom met ander wapens behelp in sy verset teen vreemde oorheersing. **Deur die invoering van die Britse partystelsel is die kanale egter makliker gemaak vir 'n oorloop na die vyandelike kamp. Hulp aan die vyand van jou volk het 'n „konstitusionele" karakter verkry, en optrede in belang van die vryheid van jou volk in menige opsig 'n onkonstitusionele karakter.**

Na Engeland is opgesien as die moeder en beskermer van ons vryheid, en na mate die partypolitiek hom in sy volheid ontplooi het, is steeds meer en meer aanhangers en aanbidders van die Britse vryheid gevind. Was dit nie vir die volksontwaking van 1938 nie, sou dit met ons as 'n volk verby gewees het.

Maar vandag is daar nog talle Afrikaners wat glo dat hulle hul volk 'n diens bewys deur hom binne die Britse Ryk te hou, want as ons 'n republiek word, kan enige ander land ons sommer kom vat. Die enigste waarborg vir ons „vryheid" is Engeland met sy sterk vloot **— die enigste land wat ons nog ooit kom „vat" het en die enigste vloot wat nog ooit troepe aangery het om ons te verower!**

### LAWWIGHEID

Van republikeinse kant is altyd volgehou dat dit die grootste lawwigheid is om te glo dat Engeland ons Republieke kom verower het bloot en alleen uit liefde vir ons of 'n sug om klein volkies te beskerm. In teendeel het ons gedurig beklemtoon dat ons en ander Britse Dominiums slegs gebruik word om Engeland sterk en ryk te maak. **Dit is ons wat Engeland moet beskerm en nie hy vir ons nie!**

Reeds in 1903, vlak na die Tweede Vryheidsoorlog, het wyle Joseph Chamberlain vir die skepping van 'n nuwe stelsel van die Ryk gepleit wat sou beteken 'n **„vennootskap met die groeiende kolonies, sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie."**

Daardie toekomsdroom van die destydse Eerste Minister van Engeland is vandag verwesenlik — sover dit die regerings van die verskillende dominiums, of volgroeide kolonies, betref. Vandag pluk Engeland die rype vrug van sy beskermingsbeleid, en word die Ryk behou — tydelik altans — deur die sterke regterhande en lojale harte van die Dominiums, en ook van Suid-Afrika. **Vandag word die bewys gelewer dat die republikeine altyd reg was toe hulle aangevoer het dat ons Engeland moet beskerm en nie hy vir ons nie.**

Nog voor die uitbreek van die oorlog, het Britse staatsmanne gespog met die oorsese gewestes wat $2\frac{1}{2}$ miljoen soldate kan oplewer en waarmee Engeland 'n beslissende invloed kan uitoefen. Vir Suid-Afrika om buite die oorlog te bly, sou dus in die oë van hierdie Britse vryheidsvaders 'n daad van baie onkonstitusionele aard gewees het, en die manne met „lojale harte" sou gevolglik hul bes gedoen het om Suid-Afrika sy volle aandeel in die oorlog te laat neem. Dit is dan ook gedoen, en die bydrae wat ons lewer, is hoegenaamd nie beskeie nie. In sy onlangse draadloostoespraak het veldmaarskalk Smuts, in sover as wat dit ons vergun is om te weet, openbaar gemaak wat ons aandeel op die oomblik in die Noorde is. In sy woorde lui dit:

### SELFS ONS VLOOT

„Albei Suid-Afrikaanse divisies is daar. Ons Suid-Afrikaanse Lugmag is daar en verhoog dag en nag sy naam wat reeds so hoog aangeskrewe staan. En — laat ons dit nie vergeet nie — **ons klein Suid-Afrikaanse vloot is ook daar,** besig met werk wat reeds die hoogste lof deur genl. Cunningham toegeswaai is. Al hierdie Suid-Afrikaanse magte doen hul deel in die stryd saam met hul dappere Britse, Nu-Seelandse, Indiese en ander bondgenote."

Dit laat 'n mens dink aan die Bybelwoord dat van die wat nie het nie, sal nog geneem word. 'n Jaar of wat gelede moes die Britse vloot ons nog beskerm omdat ons geen vloot van ons eie het nie. Vandag moet ons verneem dat „ons klein Suid-Afrikaanse vloot" ook daar is, en wel om genl. Cunningham by te staan in sy stryd teen 'n moondheid wat nie teen ons of teen Engeland die oorlog aangesê het nie, maar aan wie ons en Engeland die oorlog verklaar het.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

(Vervolg van bl. 4.)

hariges met blou oë aangetref word. Inderdaad word 7.5 persent van die individue hierdie kombinasie aangetref.

Die gelaatskleur, soos ons weet, is aan die blas kant en die word bruin indien aan die son blootgestel. Dit is veral baie duidelik by boere wat self in die landerye werk. Die rimpelrige nek is ook die resultaat van sonwerking op 'n gepigmenteerde vel.

Die bruinerige vel is afkomstig van ons Franse voorouers en voorsien ons van 'n natuurlike sambreel teen die son van ons land.

'n Antropologiese opname van die huidskleur sal langdurige werk wees, want die bepaling van huidskleur is moeilik en vereis oefening met die kleurblokkies wat moeiliker is as dié met die ander toestelle.


ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan,* *Stellenbosch.*

Langstraat 301

KRUIDENIERS-GROENTE en VRUGTE Handelaars

Afrikana Voorsieners

'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID

Foon 3-1393

KAAPSTAD

**Hoër Jongenskool, Wellington.**

**TOT U DIENS!**

**Die Skool** bied aan 'n wye keuse van vakke met inbegrip van landboukunde en Handelsvakke.

Liggaamsopvoeding kry volle aandag in skoolure.

**Die Buitemuurse Bedrywighede** sluit in 'n volle program van winter en somer sport om te kies en te keur.

**Ons Swemdam,** gerieflik ingerig, is 'n aantreklike toevlugsoord in die somermaande.

**Ons Koshuis** bied gesonde voeding en opvoeding. Ruim en lugtige kamers en studiesaal.

Moderne badskamers met warm en koue water en water sanitasie.

**LOSIES: £9 per Kwartaal. Beurse beskikbaar.**

Vra vir sierlik geïllustreerde prospektus.

# KERSFEES!

*BESTEL ONMIDDELIK*
**SCHOEMANNELO-DRANK**
*VIR DIE*
**FEESTYD**

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

**SCHOEMANNELO-DRANK**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Brandwag .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**JURGENS SCHOEMAN**

**POSBUS 142, OUDTSHOORN.**



*DAGBREEK KARTELS*
*word gedra deur*
*DEFTIGE DAMES*

**Skakel 2-5662**
En Maak u Bestelling

**DAGBREEK**
**Dames Hareversorging-Salon**

*Langmarkstraat 141 KAAPSTAD*


## *Ossewabrandwag sal Empire Beveg . . .*

*Vervolg van bls. 1.*

**DIE DEMOKRASIE**

Dr. Van Rensburg het verklaar dat die Afrikaner vandag voor sy grootste krisis sedert die Tweede Vryheidsoorlog staan. Die O.B. staan daar as volksbeweging. Hy kan wel sê dat die O.B. teen die demokrasie is soos ons hom ken; dit help nie om te praat van dinge wat jy nie ken nie. Al wat die demokrasie ons nog gebring het is 300,000 armblankes.

Die O.B. het niks teen daardie armblankes nie. Hy hou van hulle, maar hy hou nie van hul lot nie en ook nie van die demokrasie wat hulle gemaak het nie. Die O.B. is klaar met die demokrasie (toej.).

Intussen word ons egter nog volgens daardie demokratiese stelsel regeer en is ons verplig om van die mag wat dit bied, gebruik te maak. Hier in Newcastle is tans 'n tussenverkiesing aan die gang. **Elke lid van die Ossewabrandwag wat sy plig ken sal daar teen die Empire gaan stem. Die O.B. sal die Empire beveg op elke moontlike en onmoontlike wyse, by die stembus of andersins. Elke lid sal daar gaan stem.**

Ten slotte het dr. Van Rensburg verklaar dat die Ossewabrandwag uit die boesem van die Afrikanervolk kom. Dit is nie die werk van een man of 'n groep mense nie. Die O.B. het 'n geesdrif gebring soos geen ander organisasie nie. Dit het nuwe kragte uitgespoel. In die O.B. bestaan daar nie soiets soos ryk en arm Afrikaners nie, maar net goeie Afrikaners.

Die verrigtinge is deur ds. F. J. van der Merwe met gebed geopen. Mnr. O. L. Nel, Assistent-kommandant-generaal vir Natal, het ook die vergadering toegespreek. Hy het verklaar dat volgens die jongste gegewens wat hy ingewin het op sy uiterste sestig lede van die O.B. in Natal bedank het sedert daar moeilikhede gekom het.

## 'N SPEURVERHAAL EN 'N TREURSPEL

'n Skrikkerige perd kan partymaal 'n gevaar vir sy baas word, veral as hy eers so ver gevorder het met sy nukke dat hy vir sy eie skaduwee skrik. Dieselfde soort skrikkerigheid vind ons vandag by ons Minister van Binnelandse Sake, adv. Harry Lawrence.

Nog voordat hy die verantwoordelike amp in diens van Sy Majesteit beklee het, het hy hom geopenbaar as 'n man wat besonder aangetrokke voel tot ondergrondse geheimsinnighede. Ook bekend as die Sultan van Soutrivier het hierdie politikus voor sy ministeriële mondigwording hom verlustig in die rol van speurder, en dit het dan gebeur dat hy hom soms op vergaderings soos 'n oosterling vermom het, blykbaar met die doel om iets uit te snuffel, indien dit nie aan 'n eienaardige sin vir avontuur toegeskryf moet word nie.

Met hierdie voorliefde vir avontuurlike navorsing het mnr. Lawrence die amp aanvaar as 'n Minister van die Kroon. In plaas van hom meer besadig te maak, het die groter verantwoordelikheid en uitgebreider werkterrein sy verbeelding net meer gaande gemaak. Aangevuur deur die wilde stories van vyfdekolonners en Ossewabrandwag-bedrywighede het hierdie Minister tot 'n toestand ontwikkel dat hy vir skaduwees begin skrik. As 'n mens die belaglike speurverhale hoor wat hy aan die publiek opdis as „true stories," kan jy nie anders as om te glo dat sy verbeelding heeltemal met hom op loop gegaan het nie.

Sy nuutste is tans dat hy 'n sameswering ontdek het van 250 stormtroepe wat 'n staatsgreep sou wou uitvoer. Die Minister noem dit self 'n staatsgreep. En as hy nie self ook die plek genoem het waar hierdie staatsgreep sou moes plaasvind nie, sou ons hom die bespotting gespaar het deur dit nie te noem nie. Van alle plekke in die Unie is dit Durban. In ooreenstemming met sy tweeslagtige samestelling beskik die Unie ook oor twee hoofstede, en die werksaamhede van die Regering is tussen hierdie twee stede verdeel. Die Ossewabrandwag werk 'n „breedvoerige plan" uit vir 'n staatsgreep, maar die aanslag is nie teen die Regering in een van sy setels gemunt nie, maar teen 'n paar „sleutelposisies" in Durban! Geen wonder dat hierdie samesweerders dit onnodig geag het om hul karige geledere met meer as 250 te versterk, en die staatsgreep blykbaar ongewapenderhand uit te voer — die sleutelposisies is seker ook met sleutelmanne gevul wat handiger met 'n sleutel as met 'n vuurwapen is.

'n Mens kry selde 'n daad wat van alle selfsug ontbloot is. Ook in hierdie geval het min. Lawrence sy speurverhaal nie net terwille van die vermaak van sy volgelinge openbaar gemaak nie, maar hy poseer ook as held. Hy het darem daarin geslaag om die belhamels agter slot te kry en die dreigende onheil, waarvan die blote verhaal soos 'n skok vir Durban sou kom, afgewend. Ons kan mnr. Lawrence egter die versekering gee dat as hy hoop om eenmaal as 'n held aangeteken te staan in die geskiedrolle van ons land, hy sy doel baie makliker sal bereik as hy hom toelê op die skryf van speurverhale as op die manier wat hy dit tans doen. Daar bestaan vir hom groter moontlikheid om 'n held op letterkundige gebied te word met sy ryke verbeeldingskrag — tensy natuurlik hy tevrede sal wees om die rol van 'n tragiese held in 'n klassieke treurspel te vul.

Daar is egter ook 'n ander sy van die saak. Lede van die O.B. in Durban is wel geïnterneer, en as dit die rede vir hul opsluiting is, dan het die Minister hom skuldig gemaak aan 'n uiters onverantwoordelike daad. As hy te min sin vir werklikhede het om versinsels daarvan te onderskei en mense op grond van sulke lawwe stories interneer, is dit tyd dat hy onthef word van sy verantwoordelikheid.

Maar dit kan ook wees dat hierdie goedkoop storie opgedis word om die verblyf van so baie troepe in die Unie te regverdig. Op 'n oom-

*Vervolg op vorige kol.*

*Vervolg van volgende kol.*

blik wanneer „albei Suid-Afrika se divisies," ja selfs ons „klein Suid-Afrikaanse vloot" in 'n vertoon-stryd op die sandduine van Noord-Afrika ingewerp word, lyk dit darem nie mooi om nog so baie manne hier in uniform te sien nie, veral nie as daar onder hulle eenhede is wat baie nader aan Sy Majesteit verwant is as die Suid-Afrikaners wat tans in die vuurlinie van pantsermagte moet worstel nie.

Hierdie „sleuteltroepe" se verblyf kan met sulke riller-stories darem eervol gemaak word, en die prys vir daardie rillers is ook nie baie hoog nie — maar net 'n paar goeie Afrikaners wat as „belhamels in die Ossewabrandwag" van hul vryheid beroof en in Doringdraadkampe gestop word.

Die Afrikanervolk sal nog deeglik ondervind watter prys hy moet betaal uit die hand van sy lojale Regering. In die Noorde word die vriendskap van 'n kommunistiese staatshoof met Afrikanerbloed gekoop; in die Suide word die tuissitters getrakteer op die mishandeling van Afrikanervoormanne.

Ons weet, en die Regering self weet ook, dat aan hierdie dinge 'n einde sal kom. Dit is vir die Regering om vroegtydig te sorg dat as daardie einde kom, die Afrikaner nie met 'n martelaarsbesef sy geskonde regte gaan herstel nie.


**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar:* D. D. DE KOCK

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL.

# Vier Kersfees op Eg Afrikaanse Wyse

## Aanbeveling om Dag by Eie Tradisies aan te Pas

Die volgende aanbeveling in verband met die viering van Kersfees bring ons graag onder die aandag van ons lesers in die hoop dat dit reeds hierdie jaar nagevolg sal word:

Ofskoon daar al reusewerk verrig is op verskillende terreine van ons kulturele ontwikkeling, bestaan daar nog geen nasionale Afrikaanse manier van Kersfeesviering nie. Het die tyd nie nou aangebreek om ook daarmee te begin nie? Ons dwaal rond met stukkies en brokkies van hierdie nasie se manier van viering en daardie een se opvatting oor die saak.

Kersfees, feitlik die grootste kerklike feesdag, het nog lank nie daardie ereplek in ons volkslewe wat dit toekom nie, en tog is dit een van die sterkste faktore om volksgedagtes en -tradisies te laat posvat en te bestendig. Veral vir die kind is Kersfees die fees van vreugde, en dit is juis die kinderjare, wat die meeste vatbaar is vir indrukke wat aan die latere lewe van die individu en die volk rigting gee. Laat ons dan ook van Kersfees gebruik maak om gewoontes te skep en ideale in te boesem, wat ons nasie sal help om ook verder koers te hou.

Die ou nasies het hul volks-eie maniere van Kersfeesviering, b.v. die Engelsman dink dadelik aan sy ,,plumpudding,'' ,,mistletoe,'' geskenke in kouse, e.d.m.; die Duitser aan sy Kersfeesboom met die geskenke daaraan vasgebind; die Hollander dink meer aan Sinterklaas vir die kinders as aan Kersfees self. Ons hier het 'n mengelmoes van alles, maar min tipies Afrikaans. Ons val dan hier rond en dan daar, en daarom is dit tyd dat ons ook ons eie tipiese Afrikaanse manier van Kersfeesviering sal laat posvat. Ons moet 'n manier van viering laat ontwikkel wat die goeie uit die verlede sal behou en dit sal aanvul met hedendaagse opvattings vir sover dit wenslik is.

Die Voortrekkers het hul Kersfeesdiens waargeneem en daarna was daar vrolikheid, en daarmee was die feestelikheid afgehandel.

Kersfeesdag is 'n kerklike feesdag en behoort net so streng as Dingaansdag as sodanig geëer te word—dus is sport en ander sulke vermaaklikhede die eerste wat op daardie dag uitgeskakel moet word. Net soos met die viering van Dingaansdag behoort dit op die vorige dag of op die dag daarna plaas te vind. Die verskillende stadiums van die viering kan miskien op die volgende manier op mekaar volg:

### KERSFEESAAND

Vir die meeste mense is dit onmoontlik om reeds op die dag voor Kersfees met sport, plesier e.d.m. te begin, dus moet hulle wag tot die aand. Van daardie aandviering kan ontsaglik veel gemaak word, wat diep indruk sal maak veral op die gemoed van die klein kind. Met die viering van Kersfees word die grootste geskenk, wat ooit aan die mensdom gemaak is, nl. die skenking van Gods Seun herdenk, en daarom speel die gedagte van geskenke ook 'n groot rol by die viering. Wat het vir die land van Suid-Afrika — na God — 'n Afrikaanse nasie geskenk? Die ossewa. Hy het die voorgeslagte in die binneland ingevoer om daar 'n selfstandige volk te laat vorm en nasiebewus te word. Sal dit dan nie van pas wees as ons aan hierdie ossewa die ereplek toeken by ons kersfeesviering nie? Sal dit nie moontlik wees om in elke huisgesin 'n mooi klein modelletjie van die ossewa te hê om te help by die viering nie? Dit sal dan baie daartoe bydra om by die klein kind reeds daardie liefde vir en verering van die ossewa aan te kweek, wat nodig is in ons volkslewe. Die geskenke moet verbind word aan die gedagte van die ossewa, sodat die ossewa in die kindergemoed dadelik ook die aangename gedagte van geskenke sal opwek. Tegelykertyd word daar by die viering in 'n paar woorde verwys na die rol, wat die ossewa in die lewe van die Afrikanernasie gespeel het.

### VIERING IN FAMILIEKRING

Kersfeesaand word gebruik vir die geskenke. Die ouers sit die ossewaentjie in die sitkamer op so 'n plek dat die geskenke of daarin of daarom kan gesit word. As dit donker is gaan die familie in die kamer. Die vader lees die kersverhaal uit Lukas voor. Die familie sing saam 'n paar mooi Kersfeesliedere. Daarna kom Oom Voortrekker in ('n ouer familielid of 'n vriend vermom) en haal al die geskenke uit 'n groot tas of kas en sit dit in om om die waentjie. Op elke geskenk staan die ontvanger se naam. Die moeder of Oom Voortrekker gaan dan na die waentjie en oorhandig die geskenke aan die ontvangers. Dit begin dan die vrolikheid. 'n Aangename kinderpartytjie, waar kinders (en ook die grootmense indien moontlik) van verskillende bevriende huisgesinne bymekaar kom, sluit dan die aand af. Die ouer mense kan gesellig bymekaar wees.

### VIERING IN OPENBARE FUNKSIE

Veral in opelugfunksies kan al die geskenke in 'n goot ossewa aangery word en deur Oom Voortrekker uitgedeel word.

**Kersfeesdag:** Voormiddagdiens—die res van die dag word deurgebring deur vriende te besoek en geluk te wens. Vriendskapsbande word versterk en onenighede word uit die weg geruim: VREDE OP AARDE.

**Tweede Kersdag:** Uitstappies, sport, e.d.m.

**Kersfeesete:** Liefs koud — pas beter by ons warm klimaat — dit gee die huisvrou 'n kans om alles die vorige dag klaar te maak sodat sy haar op Kersfeesdag nie hoof af te sloof nie.

**Ander wenke:** (1) Die presentjies, wat gegee word, moet 'n tipies Afrikaanse stempel dra en moet nie in vreemde lande vervaardig word nie.

(2) Vir groter kinders moet liewer boeke i.p.v. speelgoed gegee word.


'N PRESTASIE

DIE OPSAALKLUB

het weer die

Oujaarsaand-Dans

in die

STADSAAL, KAAPSTAD

Tref vroegtydig reelings vir die bywoning van hierdie Funksie.

Aantal Kaartjies Beperk.

Kaartjies verkrygbaar by Uniewinkels.

21/- DUBBEL.

S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,
Foon 68 — Posbus 54

BEAUFORT-WES

SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

*Raadpleeg Sasbank.*

PAARL:
Pêrel-Boedelgebou,
Hoofstraat 327, Posbus 266.

KAAPSTAD:
Parlementstraat 32, Posbus 2387.

WORCESTER:
Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

AANDAG!

Die Generaalskap van genl. Retief hou 'n sametrekking onder beskerming van die Parow Kommando's, op die

MARKPLEIN, PAROW,

op

Saterdag, 13 Desember,

Opening 2.30 n.m.

Verversings, vleis- en worsbraai, Jukskei, Sang (begelei deur die O.B. Blaasorkes), en Volkspele.

*SPREKERS:*

*Middag:* Genl. Mev. du Toit.
*Aand:* Asst.-komdt. genl. J. A. Smith.

KOM SEKER

Die Voortrekker-Skoenhospitaal

Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.

*Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad*

*AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!*

*FOON 3-0164*

*Langstraat 303, Kaapstad*

## SY LEWE GEGEE VIR 'N IDEAAL

„. . . . en een van hulle, H. S. Erasmus, is dodelik deur 'n koeël getref.''

So het die sinsnede in die berig oor die gewelddadige einde van 'n jong Afrikaner die oggend in die koerant gelui. Erasmus is op 27 November op 'n plaas in die Nylstroomse bosveld in 'n skermutseling met die Polisie doodgeskiet. Die vermoede was dat hy verbonde was aan Robey Leibbrandt, na wie die Polisie tans soek.

Watter beskuldigings die polisie teen jong Erasmus mag hê is nie bekend, altans nog nie bewys nie, daaroor dus kan ons geen mening uitspreek nie. Nietemin kan ons tog nie help nie om te treur oor die dood van hierdie flinke jong man wat in die daeraad van sy lewe gesneuwel het in die oortuiging dat hy in diens van sy volk staan.

Die indruk wat hierdie 22-jarige Boereseun op elkeen gemaak het met wie hy in aanraking gekom het, was een van bewondering — bewondering vir die manlikheid wat in elke gelaatstrek en op elke spier geskrywe staan. Jy het vasgekyk in twee groot bruin oë waaruit durf en daadkrag straal. Sy ferme gesig was 'n uitbeelding van wilskrag en onverskrokkenheid. Jy was altyd bewus van sy blik op jou en jy het gevoel dat hy meet met die maatstawe waarmee die dapperes meet.

***Die Kommandant-generaal het gister en eergister gesê en sê vandag nog:***

„Laat ons strewe wees om Piet Retief se koers nie te verlaat nie. Want hoe die landskap of die tydelike en toevallige omstandighede ook mag wissel, — die koers bly dieselfde. Die pad na 'n blanke, afsonderlike en nasiebewuste Afrikanervolk met 'n geloof in sy historiese roeping.''

Dingaansfees by Retiefklip, 13.12.37.


MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

MERINO STOETERY
J. H. MOOLMAN.
MERINO — CRADOCK.

TELER VAN SUIWERGETEELDE WANGENELLA RAMME EN GOEIE PLAASRYPERDE.

PRYSE BILLIK!!

VOLKSKAS IS U EIE BANK!

ARBEIDSAAMHEID

*Fondse oorskry £1,500,000.*

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig volgens die Koöperatiewe Wet.)

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.
Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
V I R
VEEVOER (MIELIES-MIELIEMEEL-LUSERN).
*Vra vir Kontrakvoorwaardes.*
Mc Cormick Deering Landbouwerktuie.

*Mede Afrikaners!*
Koop voortaan al u benodighede
by
„DIE VOLKSWINKEL''
Eienaar: J. M. Calitz, Jnr.
Foon 3.
Posbus 37. Kirkwood, K.P.

105 Takke 40,000 Lede AVBOB Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

HAVENGA SE MOTORS
Agente vir
CHEVROLET en PONTIAC
MOTORKARRE
Goeie en billike bediening
Posbus 45 — CERES

SKOUBURG
Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
SATERDAG, 13 DES., 3 en 8.15 n.m.
„DRUMS OF THE DESERT''
Ook 'n Afrikaanse Film en verskeidenheidsprogram
Plekbespreking by Uniewinkels.

GRAFSTENE, MONUMENTE ens. van die
S.A. MONUMENTE WERKE
Is 'n permanente en mooi uiting van liefde en toewyding.
Skryf Posbus 2 of bel 5-2823,
VOORTREKKER-WEG, MAITLAND.

AFRIKANERS LUISTER HIER:—
Wil u ook op die skouers van die wêreld gedra en beny word deur die mense rondom u? Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doeltreffend; ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uitgebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse word absoluut gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van:
UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE,
Posbus 32, ALEXANDRIA.

Baie dankie vir jou raad verlede week ou maat. Ek het 'n VOORTREKKER ARMBAND vir my bruid, en drie VOORTREKKER SILWER BORSSPELDE van TAFELBERG INDUSTRIEË, KOHLINGSTRAAT 16, KAAPSTAD, gekry. Ons was almal verras met die waarde. Ek het vir haar ook 'n LINNEMERK NAAMSTEMPEL teen 8/6 gekry.

TE KOOP
PLASIE, 17½ morg groot, binne Munisipale gebied — een myl van stasie.— Al die grond onder besproeiing.—Groot gerieflike Woning en Buitegeboue.—Een groot en twee klein Damme.—Besonderhede op aanvraag van: J. KOK, Posbus 26, Swellendam.

SOUT
SOUT — Spoorweë gee 50 persent op spoorvrag en 20 persent op Bustariewe afslag aan Boere, ons laai onmiddellik, Super Sneeuwit 40/-, No. 1. Sneeuwit 35/-, Wit Veesout 30/-; per ton. Fyn Bottersout 5/6 per sak 200 pd., kontant met bestelling, tevredenheid gewaarborg. J. A. Venter, Florisbad, Bloemfontein.

GEVRA
MOTORWERKTUIGKUNDIGE vir plattelandse Garage, eerlikheid 'n vereiste. Stuur volle besonderhede aan Strydom se Garage, Posbus 1, Barrydale.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*


*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*